Julle is wonderlike verpleegsters

Lucia Nel van Rangeview skryf:
My man was onlangs opgeneem in die Krugersdorp-hospitaal waar hy drie weke lank baie siek gelê het.

Die verpleging en sorg wat hy in die medies intensief en Greenhills-saal ontvang het van die dag- en nagpersoneel, was uitstekend.

Hy was ten alle tye goed versorg en met soveel liefde en respek behandel.

Ons sê weereens vir julle van die twee sale baie dankie vir wat julle vir oupa Nel gedoen het.

Dankie ook vir al die konsiderasie en ondersteuning wat julle vir my en ons kinders gegee het in die moeilike tyd.

Julle matrone moet baie trots op julle wees, julle is wonderlike verpleegsters. Hy sterk goed aan by die huis.